# LAERSKOOL BRITS

Posbus 54
Brits
0250

Wichtstraat 2, Brits, 0250

012 252 3317/3392
012 252 1676
www.lsbrits.co.za

britsadmin@lsbrits.co.za
finansies@lsbrits.co.za


**BELEID: MIV/Vigs**

**BELEID VAN LAERSKOOL BRITS RAKENDE DIE HANTERING VAN HIV/VIGS**

## VIGS – BESKRYWING VAN DIE TERM

VIGS (Verworwe Immuniteitsgebreksindroom) is 'n toestand wat veroorsaak word deur infeksie met MIV (Menslike Immuniteitsgebrek Virus). Dit beskadig die persoon se immuniteitstelsel en verminder sy/haar kapasiteit om weerstand te bied teen siektes. VIGS is die finale stadium van MIV infeksie. Dit is ongeneesbaar.

## VISIE VAN ONS SKOOL

Ons wens is om alle leerders en die gemeenskap bewus te maak van VIGS en hoe om dit te voorkom.

## MISSIE – OPVOEDING T.O.V. VIGS

- Die personeel moet ingelig wees en deeglike kennis t.o.v. VIGS hê, verwerf by bevoegde mense.
- Elke opvoeder sluit die program VIGS (Gesondheid en Veiligheid) in hul jaar beplanning in en in hierdie wyse word die inligting aan die leerders oorgedra.
- Die gemeenskap moet ook ingelig word d.m.v. plakkaat demonstrasies en praatjies t.o.v. VIGS en hoe om op te tree teenoor MIV positiewe mense.
- Inligting oor VIGS moet versamel word deur die Gesondheidsdepartement en plaaslike gesondheidsorg.
- Ons gaan verseker dat ons omgewing higiënies gehou word.

## TOELATING VAN LEERDERS WAT MIV-POSITIEF IS OF VIGS HET

- Leerders wat MIV-positief is, moet toegelaat word by die skool indien hulle dit openbaar wanneer hulle aansoek doen.
- Daar mag geen diskriminasie teen hulle wees nie.
- Die leerders mag nie ontslaan word nadat dit geopenbaar is dat hulle MIV-positief is nie.
- Die inligting is hoogs konfidensieel en geen leerder word gedwing om die feit dat hy/sy MIV-positief is te openbaar nie.
- Maksimum konfidensialiteit moet gehandhaaf word en 'n ooreenkoms moet aangegaan word met die leerder se ouers dat geen inligting direk of indirek aan enige individueel of groep geopenbaar sal word sonder die toestemming van die leerder en sy ouers/voogde nie.

## HOE MOET ONS OPTREE TEENOOR MIV-POSITIEWE MENSE?

- Almal by die skool moet empatie toon en ondersteunend optree teenoor mense met MIV infeksie, al is dit bekend aan ons.
- MIV-positiewe mense mag nie name genoem word i.v.m. hul siekte nie, indien dit geopenbaar is.
- Indien enigiemand by die skool beseer word en bloeding word veroorsaak, moet die beseerde soos 'n MIV-positiewe persoon behandel word.
- Alle wonde wat by die skool voorkom moet deur die twee opvoeders wat opdrag gegee is om dit te doen, verpleeg word, met beskerming van hulself met handskoene geneem van die noodhulptassie en dit moet agterna vernietig word.
- Dit is die verantwoordelikheid van elke individu (opvoeder en leerders) om te verseker dat daar geen sere aan sy/haar liggaam is nie.

## ALGEMENE VOORKOMENDE MAATREËLS VIR DIE VOORKOMING OF OORDRAG VAN SIEKTES BY 'N SKOOL

- Algemene voorkomende maatreëls is van toepassing tot enige persoon wat in kontak kom met die liggaamsvloeistowwe van 'n ander persoon, aangesien dit onmoontlik is om altyd te weet wie VIGS of ander siektes wat in die liggaamsvloeistowwe gedra word, het, veral in die bloed.
- Algemene voorkomende maatreëls sluit die prosedures vir die veilige hantering van ongeluk en ander beserings by skole en ander opvoedkundige instellings in.

## DIE SKOOL MOET DIE VOLGENDE BYDERHAND HÊ

- Twee stelle noodhulptassies, elk met die volgende:
    - Twee pare lateks handskoene (2 medium, 2 groot);
    - Vier pare huishoudelike handskoene (2 medium, 2 groot);
    - Materiale (bv. verbande of gaas) om wonde, snye en skaafplekke te dek, waterdigte pleisters, ontsmettingsmiddels (bv. huishoudelike bleikmiddel), skêr, watte, kleeflint om wond bedekking in plek te hou, sneespapier;
    - 'n Mondstuk vir mond-to-mond resussitasie;
    - 'n Aantal plastieksakke sonder gate;
    - 'n Houer om water in te bring;
    - Indien daar nie lopende water by die skool is nie moet 'n 25 liter drom met skoon water gevul word, en te alle tye in geval van nood beskikbaar wees;
    - Betadine, Savlon salf, spier salf, vlugsout, ens.

- Niemand moet direkte kontak hê met enigiemand anders se bloed of liggaamsvloeistowwe nie – handskoene of plastiek winkelsakke moet gebruik word.
- Die bloeding moet so gou moontlik gestop word. 'n Handdoek of lap moet gebruik word om druk direk op die wond toe te pas.
- Wonde moet ontsmet word met ontsmettingsmiddel en alle wonde, sere, skaafplekke of enige ander gebroke vel moet te alle tye bedek word.
- In gevalle van blootstelling aan iemand anders se bloed of blootstelling gedurende besering moet die vel skoongemaak word met lopende of skoon water, en dan met ontsmettingsmiddel of verdunde huishoudelike bleikmiddel skoongemaak word.

- Bebloede oppervlaktes, materiaal, vloere ens. moet met verdunde bleikmiddel skoongemaak word, bebloede verbande en lappe moet verseël word in 'n sak en verbrand word, instrumente en implemente moet gewas word, in bleikmiddel geweek word en gedroog word.
- Alle vroulike personeellede en leerders moet bekend wees met die reëlings betreffende die wegdoening van sanitêre doekies en tampons, so dat ander mense nie in kontak daarmee kom nie.
- Alle gevalle wat behandel word moet in die noodhulp lêer aangeteken word.

**HIERDIE BELEID VAN LAERSKOOL BRITS IS GOEDGEKEUR OP** 20-1-2022

B Fourie
Voorsitter

W Krüger
Skoolhoof